
**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidensie



# Bewapen met Geregtigheid

God se profeet op die aarde, President Thomas S. Monson, het verklaar: "Vandag staan ons voor die grootste versameling sondes, onsedelikheid, en boosheid wat nog ooit voor ons oë versamel is."[1]

Sal jy verbaas wees as jy uitvind dat President Monson daardie woorde 50 jaar gelede geuiter het? As ons toe al teen so ŉ ongeëwenaarde verskeidenheid van goddelooshede gestaan het, hoeveel te meer bedreig die boosheid ons vandag? Om ŉ goeie rede het die Here aangaande ons tydvak verkondig: "En kyk, die vyand is verenig" (L&V 38:12).

Die stryd waarby "ons almal aangesluit het"[2] het begin voordat ons op aarde gebore is. Dit het begin selfs voordat die aarde geskape was. Dit het baie millennia gelede begin in ŉ vooraardse bestaan, waar Satan gerebelleer het en "probeer het om die vrye keuse van die mens te vernietig" (Moses 4:3).

Satan het daardie stryd verloor en "is neergewerp op die aarde" (Openbaring 12:9), waar hy vandag nog sy stryd voortsit. Hier op die aarde "voer hy oorlog teen die heiliges van God, en omsingel hulle rondomheen" (L&V 76:29) met leuens, bedrog, en versoekings.

Hy voer oorlog teen die profete en apostels. Hy voer oorlog teen die wet van kuisheid en die heiligheid van die huwelik. Hy voer oorlog teen die familie en die tempel. Hy voer oorlog teen alles wat heilsaam, heilig, en gewyd is.

Hoe beveg ons só ŉ vyand? Hoe veg ons teen die euwel wat blyk asof dit ons aarde verswelg? Wat is ons wapenrusting? Wie is ons bondgenote?

### Die Mag van die Lam

Die Profeet Joseph Smith het geleer dat Satan net mag oor ons het tot dié mate wat ons hom toelaat.[3]

Toe hy ons dag gesien het, het "Nefi, die krag van die Lam van God gesien, dat dit neergedaal het op die heiliges van die kerk van die Lam, en op die verbondsvolk van die Here, wat verstrooi was oor die hele aangesig van die aarde; en *hulle was bewapen met geregtigheid, en met die krag van God in groot heerlikheid"* (1 Nefi 14:14; klem bygevoeg).

Hoe bewapen ons onsself met geregtigheid en krag? Ons heilig die Sabbatdag en eer die priesterskap. Ons sluit en onderhou heilige verbonde, werk aan ons familiegeskiedenis, en besoek die tempel. Ons strewe aanhoudend om te bekeer en pleit by die Here om "die versoenende bloed van Christus [te laat] geld sodat ons vergifnis van ons sondes mag ontvang" (Mosia 4:2). Ons bid en dien en getuig en oefen geloof in Jesus Christus uit.

Ons bewapen onsself ook met geregtigheid deur "in ons verstand voortdurend ŉ skat bymekaar [te maak] van die woorde van die lewe" (L&V 84:85). Ons maak voortdurend ŉ skat van daardie woorde deur onsself in die heilige skrifture te verdiep en in die woorde van die Here se verkose dienaars, wat Sy wil, verstand, en stem met ons sal deel (sien L&V 68:4) gedurende volgende maand se algemene konferensie.

In ons stryd teen boosheid, moet ons altyd onthou dat ons hulp van beide kante van die sluier ontvang. Ons

bondgenote sluit in God, die Ewige Vader, die Here Jesus Christus, en die Heilige Gees.

Ons bondgenote sluit ook die onsigbare leërs van die hemel in. “Vrees nie,” het Elísa vir die vreesbevange jong man gesê toe hulle voor die leër van goddeloosheid te staan gekom het, “want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is” (sien 2 Konings 6:15–16).

Ons hoef nie te vrees nie. God het Sy Heiliges lief. Hy sal ons nooit verlaat nie.

Ek weet dat God, in antwoord op gebed, al my smekinge vervul het deur my van die bose te verlos. Ek getuig dat met die hulp van God die Vader, die Verlosser van die wêreld, en die Heilige Gees, ons verseker kan wees dat ons meer as genoeg krag gegee sal word om alle goddelose magte te weerstaan.

Mag ons altyd met geregtigheid bewapen wees sodat ons vertroue kan hê in die finale oorwinning.

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, “Correlation Brings Blessings,” *Relief Society Magazine,* Apr. 1967, 247.
2. “We Are All Enlisted,” *Hymns,* no. 250.
3. Sien *Teachings of Presidents of the Church: Joseph Smith* (2007), 214.

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

President Eyring herinner ons dat ons ŉ stryd teen goddeloosheid voer. Jy mag dalk wil begin deur “We Are All Enlisted” (*Hymns,* no. 250) te sing saam met diegene wat jy besoek. Jy kan hulle dan dalk vra hoe hulle al beskerm is deur geregtigheid en praat oor maniere om hulle familie teen Satan te beskerm, soos deur heilsame media te kies, familie-vergaderings te hou, of deur weeklikse gesinstuisaand te hou. Jy kan hulle aanmoedig om biddend te peins oor hoe hulle hul familie se verskansings kan opbou en hulle aanmoedig om ŉ plan te beraam om hulle idees te implementeer.

## JEUG

### Ek het Alreeds Besluit

Deur Madison Thompson

Ek het een keer ŉ belangrike les in ŉ Jongdamesklas geleer aangaande seksuele reinheid—ŉ onderwerp wat baie van die jeug ongemaklik laat kriewel het op hulle sitplekke. Ek kan nie alles onthou wat ek daardie dag geleer het nie, maar ek kan onthou dat my leier oor een van haar persoonlike standaarde gepraat het—om altyd seksueel rein te bly. Haar woorde het by my gebly, en ek het toe ŉ bewustelike besluit geneem om dit as een van my eie persoonlike waardes aan te neem.

Een dag terwyl ek op die bus huis toe gery het na ŉ sportbyeenkoms, het iemand op die bus die speletjie “waarheid of uitdaging” begin speel. Verveeld, het ek en van die ander kinders begin saamspeel. Toe dit my beurt was, is ek uitgedaag om iets te doen wat ek geweet het nie reg was nie. Dit kon ŉ moeilike besluit gewees het, maar die woorde van my Jongdamesleier het in my gedagtes opgekom, en die besluit was maklik. Ek het gou-gou nee gesê. Ek het alreeds vooraf my besluit geneem oor wat ek in daardie situasie sou doen.

Ek weet dat as ons kerk toe gaan en plek maak vir die dinge wat ons daar geleer word, ons geseën sal word met groter geestelike krag en beskerming teen die versoekinge van die wêreld.

*Die skrywer woon in Utah, VSA.*

## KINDERS

### Trek Jou Wapenrusting Aan

Daar is vandag baie slegte dinge in die wêreld. Die evangelie is soos ŉ skild wat ons beskerm. Lees 10 dinge wat President Eyring sê ons moet doen om onsself te beskerm. Teken dan jou eie skild en kleur dit in!

1. Hou die Sabbatdag heilig
2. Eer die priesterskap
3. Maak en onderhou verbonde
4. Werk aan familiegeskiedenis
5. Gaan na die tempel toe
6. Bekeer
7. Bid
8. Dien andere
9. Deel jou getuienis
10. Lees die skrifture

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalingsgoedkeuring: 6/16. Vertaling van *First Presidency Message, March 2017*. Afrikaans. 97923 501

# Die Bemagtigende Krag van Jesus Christus en Sy Versoening

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend, en soek inspirasie om te weet wat om te deel. Hoe sal begrip van die doel van die Verligtingsvereniging dogters van God help om voor te berei vir die seëninge van die ewige lewe?*

"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Filippense 4:13). "Alhoewel ons almal swakhede het, kan ons hulle oorkom," sê President Dieter F. Uchtdorf, Tweede raadgewer in die Eerste Presidensie. "Dit is inderdaad deur die genade van God, indien ons onsself verootmoedig en geloof het, dat ons swakhede ons sterk punte kan word."[1]

Ons Saligmaker sê in die Leer en Verbonde, "Ek sal voor julle aangesig uitgaan. Ek sal aan julle regter- en aan julle linkerhand wees, en my Gees sal in julle harte wees, en my engele rondom julle, om julle te versterk" (L&V 84:88).

"Nefi is ŉ voorbeeld van iemand wat geweet het, verstaan het, en vertrou het op die bemagtigende krag van die Saligmaker," sê Ouderling David A. Bednar van die Kworum van die Twaalf Apostels. Nefi se broers het hom met toue vasgebind en sy vernietiging beplan. Let op Nefi se gebed: 'O Here, volgens my geloof wat in U is, sal U my verlos uit die hande van my broers; ja, *gee my wel die krag dat ek hierdie toue kan losbreek* waarmee ek gebind is' (1 Nefi 7:17; klem bygevoeg).

". . . Nefi het nie gebid om sy omstandighede te verander nie. Hy het eerder gebid vir die krag om sy omstandighede te verander. En ek glo hy het op hierdie wyse gebid want hy het geweet, verstaan en het die bemagtigende krag van die Versoening ondervind.

"Ek dink nie dat die toue waarmee Nefi vasgebind was net wonderbaarlik van sy hande en gewrigte afgeval het nie. Ek glo eerder dat hy geseënd was met beide uithouvermoë en persoonlike krag ver bo sy natuurlike vermoë, sodat hy dan 'in die krag van die Here' (Mosia 9:17) aan die toue gewerk, gedraai en gepluk het, en uiteindelik en letterlik in staat was om die toue te breek."[2]

## Addisionele Skrifgedeeltes en Inligting

Jesaja 41:10; Ether 12:27; *reliefsociety.lds.org*

**NOTAS**

1. Dieter F. Uchtdorf, "The Gift of Grace," *Liahona,* Mei 2015, 108.
2. David A. Bednar, "Strength Beyond Our Own," *New Era,* Mar. 2015, 4.

## Ter Oorweging

Hoe kan die bemagtigende krag van Jesus Christus en Sy versoenende offerande help om ons swakhede ons sterk punte te maak?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalingsgoedkeuring: 6/16.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, March 2017.* Afrikaans. 97923 501